# DIE BOER-HANANWA-OORLOG ("MALABOCH-OORLOG") VAN 1894: 'n OORSIG OOR NAVORSINGSUITSETTE

**Lize Kriel**
*(Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria)*

**Summary**
**The Boer-Hananwa War ("Malaboch War") of 1894: a survey of research outputs**
In December 1997 a year-long exhibition on the Hananwa, the People of the Blue Mountains, was launched by the National Cultural Historical Museum at their African Window in Pretoria. The prominent exhibition only reconfirms the extent to which this Sepedi-speaking community of Blouberg in the Northern Province has been under the searchlight in recent years. The aim of this survey is to identify and contemplate the value of currently available research outputs which might shed more light upon, or at least contextualise, a very significant episode in Hananwa history: their violent confrontation with the Boers of the South African Republic in 1894. As most of the investigations into the so-called Malaboch War had been conducted as part of masters or doctoral studies, the bulk of the findings on the events of 1894 was produced in dissertations and theses, which are consequently also the focus of this survey.

The survey is conducted in four parts. Studies relevant to historical investigation into the Boer-Hananwa War, which were completed in disciplines related to history, are identified in the first section. In the second section, research on the role of missionary activity in the Boer-Hananwa conflict is contemplated. Thirdly, studies contextualising the Boer-Hananwa War of 1894 as part of the broader conflict which had been going on between black and white in the greater Soutpansberg District at the time, are investigated. The last section is an investigation into research outputs dealing specifically with the 1894 conflict between the Boers and the Hananwa of chief Mmalebôhô.

In the conclusion, the necessity for researchers to co-ordinate or at least to juxtapose their often contradictory findings, is emphasised.

*Vaderlandse Geschiedenis. Eerste les*

WIJ ZIJN GOED ZIJ ZIJN SLECHT
WIJ ZIJN GOED ZIJ ZIJN SLECHT
WIJ ZIJN GOED ZIJ ZIJN SLECHT
WIJ ZIJN GOED ZIJ ZIJN SLECHT
WIJ ZIJN GOED ZIJ ZIJN SLECHT
WIJ ZIJN GOED ZIJ ZIJN SLECHT
WIJ ZIJN GOED ZIJ ZIJN SLECHT

WIJ ZIJN GOED!!!!

Vraag: Maar denken zij niet dat zij goed zijn en wij slecht?
Antwoord: Juist, en daaruit blijkt dat ze behalve slecht ook nog totaal verblind zijn.[1]

**Inleiding**

Blouberg, geleë wes van Soutpansberg, is die tuiste van die Noord-Sotho-gemeenskap die Hananwa en was gedurende die afgelope dekade die fokuspunt vir heelparty omvangryke ondersoeke.[2] Naas 'n aantal landboukundige en sosio-ekologiese studies, was die gebied en sy mense ook die onderwerp van 'n verskeidenheid geesteswetenskaplike projekte.[3] Hoewel daar reeds in die veertiger- en vyftigerjare historiese ondersoeke oor die blank/swart-konflikte in die groter Soutpansberg-distrik voltooi is, dui die hernude belangstelling in die gemeenskappe van die huidige Noordelike Provinsie daarop dat die ondersoekveld nog lank nie uitgeput is nie. Voortgaande navorsingsprojekte wat tans by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing geregistreer

[1] Poskaart uitgegee deur Stichting De Brandnetel, (s.l., Winschoten).

[2] Die spelwyses *Hananwa* en *Gananwa* word albei deur taalkundiges en antropoloë gebruik. Omdat dit voorsiening maak vir dialektiese variasie, word *Hananwa* in standaard-Noord-Sotho verkies. Vir die doeleindes van hierdie studie word na die Hananwa verwys sonder gebruikmaking van die meervoudsvoorvoegsel (*Ba*hananwa/*Ba*gananwa). Die argumente wat sommige historici ten gunste daarvan uitspreek, word egter nie verwerp nie.

[3] Sien byvoorbeeld C.C. Ferguson, "Conservation options for Blouberg, Lebowa: proposals based on a socio-ecological study" (M.A. dissertation, University of Cape Town, 1992).

Schalkwyk van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum se Hananwa-uitstalling wat in Desember 1997 by die Afrika-Venster in Pretoria geopen is, plaas dié gemeenskap en hulle geskiedenis opnuut in die kollig.[6]

Die doel van hierdie bronneverkenning is om die navorsing wat reeds oor die sogenaamde Malaboch-oorlog[7] onderneem is, of navorsing wat kan bydra tot 'n beter begrip van dié gewelddadige konflik wat in 1894 tussen die Boere en die Hananwa uitgebreek het, te identifiseer. Die inligting oor die oorlog in die ondersoeke vervat, word in oënskou geneem en daar word besin oor die bydrae wat hierdie ondersoeke tot die historiografie oor die 1894-konfrontasie gelewer het en steeds lewer. Die relevansie van die uiteenlopende ondersoeke wat betrekking het op die Blouberggebied, sal vanuit hierdie invalshoek bepaal word.

Die navorsingsresultate oor die konflik, óf dan die ondersoeke wat die 1894-konflik kan kontekstualiseer, het grootliks in verhandelinge en proefskrifte tereggekom. Die bronneverkenning word derhalwe aan die hand van hierdie tipe studies onderneem en ook daarvolgens in onderafdelings verdeel. Waar referate en artikels uit 'n ondersoeker se magister- of doktorale navorsing voortgespruit het, word hierdie korter uitsette tesame met die betrokke verhandeling of proefskrif bespreek.

Die wetenskaplike artikels wat een of meer aspekte van die Boer-Hananwa-oorlog binne konteks kan plaas, vorm 'n groot versameling. Veral tot en met die 1930's, dus nog betreklik resent na die oorlog, het byvoorbeeld heelparty antropologiese artikels met 'n

---

Schalkwyk as assistent-direkteur verbonde is.

5 Sien byvoorbeeld N.G. Ramulifho, "The history of the Venda peoples of the Soutpansberg with specific reference to their contact, tensions, and conflict with the Transvaal Republic and other peoples around them, 1800 - 1900", registered title, current research for an M.A. dissertation, R.U.

6 C. Fourie,"Noorde se Hananwa vertel hul eie storie". Uitstalling oor die stam in Pretoria se museum, *Beeld*, 3 Desember 1997.

7 Ook bekend as Masilo, Seketa of Ratshatsha. Die wyse waarop *Mmalebôhô* in Afrikaanse en Engelse tekste gespel word, varieer aansienlik. Vir genealogiese agtergrond oor die Lebogo-koningshuis en die geografiese ligging van die Hananwa-domein gedurende die negentiende eeu, sien T.J. Makhura, "The Bagananwa polity in the North-Western Transvaal and the South African Republic, c.1836-1896" (M.A. dissertation, University of Bophuthatswana), 1993, p. ii & facing pp. 24 & 26.

historiese inslag verskyn. Daarvan het antropoloë Krige[8] en Roberts[9] se bydraes die nouste betrekking op die 1894-konflik. Aangesien hierdie artikels wel aangewend is in die magister- en doktorale studies wat bespreek word en dit oorwegend 'n ondersteunende rol speel vir 'n beter begrip van die spanning tussen die Boere en die Hananwa, word geen afsonderlike afdeling daaraan gewy nie. Boeyens se navorsing oor die inboekstelsel fokus op die tydperk voor die Boer-Hananwa-oorlog, maar is besonder nuttig om een van die omstrede nagevolge van die 1894-oorlog in perspektief te sien: die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) se hantering van krygsgevangenes.[10] Die outeurs van die verhandelinge en proefskrifte laat nie na om die waarde van artikels soos dié van Boeyens aan te prys nie, sodat verdere uitbreiding daarop in 'n afsonderlike afdeling ook gelaat word.

'n Artikel wat nie in die graadstudies ter sprake kom nie en wel spesiale vermelding verdien vir die waarde wat dit het om die leser te oriënteer ten opsigte van die negentiende-eeuse "speelveld" waarbinne die konflik plaasgevind het, is een van Bergh wat in 1995 verskyn het.[11] Dit bied 'n oorsig oor die ZAR se beleid rondom die toekenning van grond aan swart gemeenskappe gedurende die negentiende eeu. Die wyse waarop die werksaamhede van die Naturelle Lokasiekommissie die Hananwa voor en na die 1894-oorlog geraak het, word daaruit duidelik. Teen die einde van die eeu - ná die oorlog - was die Hananwa van Mmalebôhô een van vyf gemeenskappe uit 'n oorspronklike sewentien wat nié deur die ZAR die reservate toegeken is waarvoor hulle reeds in 1882 geoormerk is nie.

'n Aantal sekondêre bronne verskaf inligting oor die Boer-Hananwa-konflik: In *Lost trails of the Transvaal* beskryf T.V. Bulpin die oorlog in betreklike detail.[12] Hy wy heelwat

---

[8] Sien byvoorbeeld J.D. Krige, "Traditional origins and tribal relationships of the Sotho of the Northern Transvaal", *Bantu Studies*, 11, 4 (1937) pp. 321-356.

[9] Sien byvoorbeeld N. Roberts, "The Bagananoa or Ma-Laboch: notes on their early history, customs and creed", *South African Journal of Science*, 12 (1916), pp. 241-256.

[10] J.C.A. Boeyens, "'Black ivory', the indenture system and slavery in Zoutpansberg, 1848-1869", in E.A. Eldredge & F. Morton (eds.), *Slavery in South Africa: Captive labour on the Dutch frontier* (Boulder, 1994), pp. 187-214. Boeyens se M.A.-verhandeling, "Die konflik tussen die Venda en die blankes in Transvaal, 1864-1869" (Universiteit van Pretoria, 1986), in 1990 gepubliseer in die *Argiefjaarboek* sou ook tot die groot aantal bronne wat agtergrond oor die Boer-Hananwa-oorlog verskaf, gereken kon word, aangesien dit ook 'n blank/swart-konflik in die Soutpansberggebied behandel. Wat botsings tussen blank en swart betref, word hierdie ondersoek egter beperk tot studies oor konflikte binne dieselfde tydvak as die 1894-oorlog by Blouberg.

[11] J.S. Bergh, "Grondregte in Suid-Afrika: 'n Negentiende-eeuse Transvaalse perspektief", *Historia*, 40, 2 (1995), pp. 39-47. Professor Bergh is Hoof van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

[12] T.V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal* (Johannesburg, 1956), pp. 338-343.

aandag aan wat hy as die Berlynse sendeling Christoph Sonntag se bemiddelingsrol tydens die veldtog beskou en gee 'n gevoelvolle beskrywing van die Hananwa se ontbering. 'n Wetenskaplike verantwoording van sy bewerings word veral gemis wanneer hy die veldtog as "the fiasco of the so-called Malaboch War" afmaak. Sy uitlatings lei die voornemende navorser wel in tot die verskeidenheid sienswyses wat oor die konflik bestaan. Enersyds verteenwoordig dit 'n anti-Boerevooroordeel, andersyds 'n geringskatting van die Hananwa se vermoë om met inisiatief vorendag te kom wanneer gekonfronteer deur 'n bedreiging.

Onder toepaslike sekondêre bronne sorteer ook twee verslae wat onderskeidelik in 1905 en 1907 in opdrag van die Britse *War Office* voltooi is. Die waarde van hierdie dokumente lê veral daarin dat dit reeds so kort na die 1894-veldtog opgestel is. *The Native Tribes of the Transvaal* gee 'n oorsig oor die geskiedenis van die Hananwa, met die klem op die verdeeldheid tussen die volgelinge van die twee halfbroer-leiers Kibi en Mmalebôhô en die implikasies van Kibi se steun aan die Boere tydens die 1894-gebeure.[13] Uit die aard daarvan dat dit 'n Britse dokument is, kon die merkers "strong pro-Boer" vir Kibi en "thoroughly loyal" vir Mmalebôhô te wagte gewees het. Die aantal volgelinge en weerbare manne in die twee Hananwa-kampe en die aantal inwoners op die sendingstasies in die gebied word ook gelys. *Native strongholds and locations of the Transvaal*, wat in 1907 verskyn het, gee 'n omvattende uiteensetting van Mmalebôhô se "vesting" in die Blouberge.[14] Selfs die waterbronne, toegangsroetes en die klimaat word beskryf - dikwels met verwysing na inligting bekom tydens die 1894-veldtog van die Boere. Die veldtog self word ook uitvoerig beskryf en uiteindelik word strategieë voorgestel ingeval die Britte dit in die toekoms nodig sou ag om weer teen Mmalebôhô op te trek.

Die outeurs van die verhandelinge en proefskrifte wat bespreek word, behoort van sekondêre bronne soos bogenoemde kennis te geneem het, sodat 'n afsonderlike afdeling nie daaraan gewy word nie. Met die bespreking van elke verhandeling of proefskrif word eerder nagegaan hoe die verskillende outeurs hierdie tipe bronne beskou en aangewend het.

Ondersoekers het almal een of meer van die egodokumente waarin die Boer-Hananwa-oorlog ter sprake kom, as bronne gebruik. Een van die bekendstes is die 1898-publikasie *Malaboch* deur Colin Rae, die Anglikaanse geestelike wat die Engelssprekendes wat deur

---

[13] Massie, R.H., *The Native Tribes of the Transvaal*, 1905, Reprint Series of the University of South Africa (Pretoria, 1962), pp. 53-54, 58 & 145.

[14] General Staff, War Office, *Native strongholds and locations of the Transvaal* (London, 1907), pp. 9-29.

die Boere vir die veldtog gekommandeer is, vergesel het.[15] Die ander egodokument wat veral in jonger navorsingsuitsette figureer, is die dagboek van die Berlynse sendeling Christoph Sonntag, wat gedurende die aanloop en vir die duur van die krisis aan die voet van Blouberg gestasioneer was. Verwerkte gedeeltes uit hierdie dagboek is vroeg in die jare tagtig van die twintigste eeu in Engels gepubliseer. Die seleksie wat uit die beskikbare dokumente van hierdie aard gemaak is en die mate van kritiek waarmee die betroubaarheid daarvan bejeën is, word tydens hierdie ondersoek vir elke verhandeling of proefskrif oorweeg.

Koerantnavorsing het nie in die magister- en doktorale studies agterweë gebly nie. Die keuse op 'n bepaalde dag-, week- of maandblad is nie in alle gevalle bevredigend gemotiveer nie. C.T. Gordon het reeds in 1970 in *The growth of Boer opposition to Kruger, 1890-1895* die verskillende laat-negentiende-eeuse Transvaalse koerante volgens politieke affiliasie geklassifiseer, maar hierdie riglyne is skynbaar nie deur die ondersoekers geraadpleeg nie.[16] Terwyl Colin Rae se minder betroubare egodokument sterk in die navorsers se werk figureer, maak hulle nie gebruik van die veel outentieker kamp-koerant waarna Rae[17] verwys en waarvan 'n eksemplaar deur die Universiteit van die Witwatersrand bewaar word nie.[18] *The Malaboch Extinguisher* is eenmalig teen die einde van Junie 1894 in die Pretoria-kommando se kamp versprei. Die teks onthul die belewenisse en onvergenoegdheid van veral die Engelssprekende gekommandeerdes. Redakteur Fred Neel se kunstige karikature vermaak, maar lewer ook skerpsinnig kommentaar op (onder andere) die probleme wat ondervind is met die uitreiking van lewensmiddele, die gebrek aan militêre dissipline onder die Boere en die lot wat vir die Hananwa voorsien is met die naderende einde van die veldtog.

Afgesien van die weglating van die *Extinguisher*, verteenwoordig die wetenskaplike ondersoeke wat tot dusver oor die 1894-oorlog voltooi is, in die geheel gesien, tog wel diepgaande navorsing uit 'n breë spektrum koerante en ander periodieke publikasies. Navorsers het onder andere gebruik gemaak van die gematigde *Press*, die pro-Krugergesinde *Volksstem*, die streekgebonde *Zoutpansberg Review* en die *Berliner Missionsberichte*. Laasgenoemde was gemik op die Duitse leserspubliek van die tyd. Bydraes oor die ervarings van die Berlynse sendelinge van Blouberg het ook periodiek

[15] C. Rae, *Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic* (London, 1898).

[16] C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger, 1890-1895* (London, 1970), pp. xvi-xviii.

[17] Rae, *Malaboch*, p. 87.

[18] Historical and Literary Papers Library, William Cullen Library. University of the Witwatersrand. In die bibliografie van J.W.N. Tempelhoff, "Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899" (D.Phil-proefskrif, UNISA, 1989), word die dokument wel as bron gelys, maar dit is nie toegepas in die bespreking van die oorlog nie.

daarin verskyn. Die fokus van die *Missionsberichte* was, soos die naam aandui, op die kerstening van die "heidene" soos versprei oor die Berlynse Sendinggenootskap (hierna BSG) se uitgestrekte sendingveld. Vir die ondersoek na die Boer-Hananwa-oorlog is dit hoofsaaklik van nut om agtergrond te skets. Christoph Sonntag, die sendeling teenwoordig te Blouberg ten tye van die oorlog, se bydraes tot hierdie periodieke publikasie was, vergeleke met die onskatbare waarde van sy dagboek, teleurstellend.[19] Vir daaglikse beriggewing oor die verloop van die oorlog sou navorsers hulle tot die sekulêre koerante van die tyd, soos dié hierbo vermeld, moes wend.

Aan die hand van die klassifikasie wat hierop volg, word die verhandelinge en proefskrifte wat as tersaaklik geïdentifiseer is, geëvalueer volgens die uitgangspunte van die outeurs, die bronne wat elk geraadpleeg het en die aspekte wat in die onderskeie studies aandag geniet het.

## Linguistieke, literêre en antropologiese ondersoeke wat die Boer-Hananwa-konflik kontekstualiseer

A.E. Kotzé se M.A.-verhandeling oor die Hananwa-variëteit van Noord-Sotho is in 1987 voltooi.[20] Op die oog af lyk dit of hierdie studie nouliks op die randgebied van agtergrondinligting oor die geskiedenis van die Hananwa hoort, wat nog te sê die spesifieke botsing met die Boere in 1894. Wat egter uit hierdie ondersoek voortgespruit het, sou uiteindelik wel bydra om 'n leemte in die historiografie oor die 1894-oorlog te vul.

Om sy taalkundige ondersoek te kon deurvoer, moes Kotzé en sy promotor, professor L.J. Lourens van die Universiteit van Suid-Afrika, die vertroue van die Hananwa-leiers en -gemeenskap wen sodat hulle toegang tot Blouberg verleen kon word. Daar moes "ure lank vir dae aaneen" opnames van die bejaarde informante se taalgebruik gemaak word.[21] Hierdie studie en die veldwerk-ondervinding in die Blouberg wat vir UNISA se Afrikatale-personeel daaruit voortgevloei het, was vir hulle kollega A.P. van der Merwe 'n wegspringplek. Op die vooraand van die honderdjarige herdenking van die 1894-oorlog het sy met letterkundige navorsing oor die Hananwa begin. As uiteinde van hierdie

[19] Persoonlike inligting: Dr. U. van der Heyden, Wolfgang-Heinz-Strasse 56, 13125 Berlin, 29 Augustus 1997. Dr. Van der Heyden is mede-redakteur van *Missiongeschichtliches Archiv, Studien der Berliner Gesellschaft für Missionsgeschichte* en het self 'n bydrae daarin geskryf oor die geskrifte van Duitse sendelinge as bron vir die skryf van Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hy beoog om binnekort 'n Duitse uitgawe van sendeling Christoph Sonntag se dagboek in sy *Cognoscere*-reeks die lig te laat sien.

[20] A.E. Kotzé, "Die fonologiese sisteem van Hananwa" (M.A.-verhandeling, UNISA, 1987).

[21] Kotzé, "Fonologiese sisteem van Hananwa," bedankings.

navorsing word 'n doktorale proefskrif wat nie alleen die Hananwa- nie maar ook Lobedu-orale literatuur sal betrek, beoog.[22] Intussen het Van der Merwe ook televisieprogramme waarin 'n oorsig oor die geskiedenis van die twee gemeenskappe gegee word, vervaardig.[23]

J.A. van Schalkwyk van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum se proefskrif oor die Hananwa van Blouberg is in 1995 as 'n antropologiese studie voltooi.[24] Hy het wel so vroeg as 1990 en 1991 al twee artikels publiseer wat 'n bydrae gelewer het tot die geskiedskrywing oor die Hananwa en die ander rolspelers in die Blouberg-omgewing. Die eerste artikel was 'n oorsig oor die geskiedenis van die sendingstasies in die gebied, waarin hy 'n pleidooi vir interdissiplinêre studie lewer.[25] Die tweede artikel, waaraan S.M. Moifatswane meegewerk het, het direk betrekking op die 1894-konflik: 'n poging is aangewend om die Boere se beleg van Blouberg te rekonstrueer deur die Boere-kampe en -fortifikasies te lokaliseer. Die *War Office* se 1907-verslag is as sleutelbron in die ondersoek gebruik, maar die outeurs van die artikel wys ook op die frustrerende diskrepansie tussen die inligting in geskrewe bronne en die fisiese oorblyfsels in die veld.[26] Veldwerk vir 'n kaartprojek oor die noordelike dele van Suid-Afrika het prof. J.S. Bergh intussen in staat gestel om hierdie konsep-konstruksie by te werk.

In sy antropologie-proefskrif, het Van Schalkwyk die 1894-oorlog behandel as onderafdeling van 'n bespreking oor kultuurverandering in die Hananwa-gemeenskap. Onder die opskrif "Botsing met die ZAR", verwys hy eers kortliks na die Hananwa se verhoudinge met ander Soutpansbergse gemeenskappe buiten die Boere: Mmalebôhô se botsing met Kibi; samewerking tussen die Hananwa en die Venda; gerugte dat Modjadji gedurende die Boere se 1894-konflik met die Lobedu by Blouberg gaan skuil het. Hy verklaar die uitbreek van die oorlog aan die hand daarvan dat die Boere Mmalebôhô se "uitgebreide magsbasis en belangrike rol ... in die groter omgewing" as bedreiging moes beskou het. Slegs wanneer 'n spesifieke gemeenskap as bedreiging beskou is, sou die

[22] A.P. van der Merwe, "The power of performance: Linking past and present in Hananwa and Lobedu oral literature", geregistreerde titel, huidige navorsing vir D.Phil. tesis, UNISA.

[23] Persoonlike inligting: A.P. van der Merwe, Departement Afrikatale, UNISA, Pretoria, 8 Julie 1977.

[24] J.A. van Schalkwyk, "Ideologie en die konstruksie van 'n landelike samelewing: 'n Antropologiese studie van die Hananwa van Blouberg" (D.Phil.-proefskrif, UNISA, 1995), pp. 92-107.

[25] J.A. van Schalkwyk, "Die kultuurhistoriese betekenis van die Berlynse sendingstasies in die Blouberg-omgewing, Noord-Transvaal", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 4, 4 (1990), pp. 244-249.

[26] J.A. van Schalkwyk & S.M. Moifatswane, "The siege of Leboho: South African Republic fortifications in the Blouberg, Northern Transvaal", *Military History Journal*, 8, 5 (June 1991), pp. 175-181.

ZAR militêre optrede teen hulle oorweeg. Hy vermeld ook die volgende as redes vir die oorlog: die taktloosheid van Barend Vorster; die Boere se plaaslike kommissaris belas met aangeleenthede rakende die swart gemeenskappe, vrees vir samewerking tussen die Hananwa en die gedugte Venda-leier, Makhado, en ontoereikende belastinginvordering (wat vir die Boere 'n tekort aan arbeiders en 'n verlies aan inkomste impliseer het). Met verwysing na sy 1991-artikel oor die Boere-fortifikasies, word die werkwyse van die Boere om die hoofsetel van kos en water afgesny te kry, kortliks beskryf. Hy noem dit dat die Boere van Koni, Ndebele, Birwa, Venda en ander hulptroepe gebruik gemaak het en verwys ook na die belangrike rol wat die belofte van buit in die konfrontasie gespeel het. Daar word uitgebrei oor die uiteenlopende gevolge van die oorlog vir die Hananwa: grondverlies, hongersnood en die inboeking van gevangenes op Boereplase. Betreffende laasgenoemde, bring hy reedsgenoemde navorsing van Boeyens ter sprake.[27]

Van Schalkwyk se opsomming van die Boer-Hananwa-oorlog van 1894 vorm maar 'n onderafdeling van sy veel groter bespreking oor kultuurverandering in die Hananwa-samelewing. Binne hierdie opset is die historiese bronne wat die gebeure beskryf, aangewend sonder inagneming dat die inligting in sommige daarvan waarskynlik onbetroubaar mag wees. Dat die vertaalde weergawe van Sonntag se dagboek en nié die oorspronklike Duitse teks vir die doeleindes van hierdie kort historiese weergawe gebruik is nie, is te verstane. Die wisselvallige Colin Rae en die konsensieuse Christoph Sonntag kan egter nie as gelykwaardige getuies aangehaal word nie. Benewens die getuienis in dié twee egodokumente, steun Van Schalkwyk ook op sy eie vroeëre artikels, op 'n reedsvermelde artikel van Roberts, op die 1907-verslag van die War Office, op koerantberigte uit die *Volksstem* en op N.C. Weidemann se verhandeling oor die "Malaboch-oorlog". Hierdie verhandeling word in 'n volgende afdeling deegliker ondersoek.

Die doel van Van Shalkwyk se proefskrif was nie om 'n gedetailleerde rekonstruksie van die oorlog, volledig met intern-kritiese verantwoording oor elke historiese bron, te produseer nie. Die oorlog is as relevant beskou vir die effek wat dit, in wisselwerking met ander faktore, oor 'n lang tydperk op kultuurverandering in die Hanawa-gemeenskap gehad het. Die resultate wat historici reeds in dié verband gelewer het, is in "goeder trou" toegepas. Deur die plasing van die historiese gebeure binne die raamwerk van ander dissiplines, deurbreek Van Schalkwyk die kompartementalisering van kennis. Hy lewer 'n groot bydrae tot 'n verdieping van die historiese insig in die 1894-gebeure deurdat hy die hoogaangeskrewe teorieë van die antropoloë John en Jean Comaroff direk op die Hananwa se situasie in die ZAR toepas:[28]

> Die dominante tema in die moderne geskiedenis van prekoloniale samelewings in suidelike Afrika is die proses van opname in 'n koloniale en

---

[27] Van Schalkwyk, "Ideologie en konstruksie", pp. 93-102.

[28] John en Jean Comaroff is verbonde aan die Universiteit van Chicago.

later 'n na-koloniale staat. Die Comaroff's dui egter daarop dat die begrip 'staat' twee betekenisse het: 'n institusionele orde van politieke bestuur en 'n toestand van bestaan, dit wil sê 'n struktuur en 'n toestand, albei waaroor koloniseerders beheer probeer kry. Gevolglik verwys hulle na hierdie proses as die kolonisasie van die inheemse mense se bewustheid en hulle bewustheid van kolonisasie (Comaroff & Comaroff 1992: 235-236).

Dit was egter nie 'n eensydige proses nie en die pre-koloniale samelewings het aktief hieraan deelgeneem. Dié proses is in die meeste gevalle eerstens deur sendelinge na hierdie samelewings gebring, maar is kort daarna gevolg deur politieke onderwerping. In die een geval het die Hananwa teruggeveg, in die ander het hulle die sendelinge gebruik om 'n wêreld wat bedreig word, te probeer beskerm.[29]

**Ondersoeke na die sendeling as faktor in die Boer-Hananwa-oorlog**

Deur die toepassing van die Comaroffs se konsepte, deel Van Schalkwyk hierdie wetenskaplikes se uitgangspunt dat die sendelinge aan die voorpunt was van diegene wat die pre-koloniale "staat" waarin gemeenskappe verkeer het, ongedaan probeer maak en die interne gesagstrukture afgetakel het. Van Schalkwyk se belangstelling in die Berlynse sendelinge se impak op die Hananwa-samelewing het reeds uit sy kultuurhistoriese artikel van 1990 geblyk. As dit kom by sendeling Christoph Sonntag se optrede rondom die 1894-oorlog, is die oordeel wat hy in sy proefskrif uitspreek, besonder gunstig:

> Hy het sonder om te versuim, in hierdie stryd die kant van die Hananwa gekies. Na afloop van die oorlog het Sonntag ook heelwat gedoen om die Hananwa weer op te hef en hulle lyding te verlig.[30]

Sonntag se rol tydens die oorlog is uiters omstrede. Hoewel Van Schalkwyk binne die veroordelende paradigma van die Comaroffs werk, kom hy tot die gevolgtrekking dat dié spesifieke sendeling 'n besonder positiewe rol in die Hananwa-samelewing gespeel het. G.J. Jooste fel in sy proefskrif oor die BSG se rassebeskouings 'n subtieler, maar beslis minder vleiende oordeel oor Sonntag. Hy noem Sonntag se optrede as voorbeeld om twee van sy argumente te staaf: dat die Berlynse sendelinge 'n bydrae gelewer het om swartmense daartoe te bring om die ZAR as wettige owerheid te sien en dat hierdie sendelinge se aanvanklike pligsbesef teenoor die staat mettertyd in vriendskap en lojaliteit

---

[29] Van Schalkwyk, "Ideologie en konstruksie", pp. 93-102. Sien ook J. & J. Comaroff, *Ethonography and the historical imagination* (Boulder, 1992), pp. 235-236.

[30] Van Schalkwyk, "Ideologie en konstruksie", p. 106.

ontwikkel het.[31] T.J. Makhura, wie se verhandeling in 'n volgende afdeling deeglik onder die loep geneem word, is uitgesproke oor die sleutelrol wat Sonntag volgens hom willens en wetens gespeel het om Mmalebôhô en sy mense gewelddadig te onderwerp.[32]

Om hierdie omstredenheid op te klaar, kan begin word deur weer daardie tekste wat die outeurs van die bogenoemde verhandelinge en proefskrifte tot hulle gevolgtrekkings gelei het, na te gaan. Makhura verwys na Nosipho Majeke se *The role of missionaries in conquest*.[33] Sedert 'n publikasie soos hierdie in die 1950's opslae gemaak het, het die debat oor sendelinge as weldoeners of veroweraars in die sendinghistoriografie uitgekring. Dit is tans vir navorsers nouliks meer moontlik om die aandeel wat sendelinge in die koloniale onderwerping van swart gemeenskappe gehad het, te misken. Kenners op die terrein van sendinggeskiedskrywing, soos Du Bruyn en Southey, beweer egter dat die debat, hoewel in meer genuanseerde vorm as in die 1950's, steeds voortduur.[34] Die onversoenbaarheid van Van Schalkwyk, Jooste en Makhura se gevolgtrekkings oor Sonntag, bevestig dit.

Makhura, wie se studie eerste voltooi is, het nie die jongste neiging in die sendinghistoriografie, die histories-antropologiese benadering van die Comaroffs, in sy navorsing opgeneem nie. Die Comaroffs wyk wel in 'n belangrike opsig af van outeurs soos Majeke. Die "missionary encounter" word nie slegs as 'n "colonial encounter" gesien nie; dit staan ook binne 'n sosiale, kulturele en simboliese konteks. Die gemeenskappe waarop die sendelinge hulle aktiwiteite projekteer, word volgens die Comaroffs betrek in 'n kulturele konfrontasie, maar hulle is nie weerlose ontvangers nie; daar vind interaksie plaas. Die innovasie waarmee sulke gemeenskappe reageer op die uitdaging van hulle "staat" van bestaan, die bedreiging van hulle totale gevoels- en denkwêreld, moet

---

[31] G.J. Jooste, "Ras, volk en politiek in die Berlynse Sendinggenootskap in Suid-Afrika tot 1961", (D.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria), 1996, p. 80.

[32] Makhura, "Bagananwa polity", pp. 100, 117 & 134.

[33] Alexandra, 1952. Nosipho Majeke was die skuilnaam wat die Marxistiese geskiedskrywer, Dora Taylor, in 1952 gebruik het vir 'n boek wat gemik was as aanval op liberale blankes se betrokkenheid in swart politieke organisasies. Deur die sendelinge van die negentiende eeu, veral John Philip, in die boek as agente van verowering en kolonisasie uit te kryt, is gehoop om die liberales van die twintigste eeu ook te diskrediteer. Sien J. du Bruyn & N. Southey, "The treatment of Christianity and protestant missionaries in South African historiography," in H. Bredekamp & R. Ross (eds.), *Missions and Christianity in South African history* (Johannesburg, 1995), p. 28.

[34] Du Bruyn & Southey, "Treatment of Christianity", pp. 28 & 36. Die outeurs is verbonde aan UNISA se Departement Geskiedenis.

ondersoek word.[35] Soos Van Schalkwyk, neem Jooste kennis van hierdie insigte van die Comaroffs. Die volgende artikel van Du Bruyn waarna hy verwys, se titel is veelseggend: "Of muffled Southern Tswana and overwhelming missionaries: The Comaroffs and the colonial encounter."[36]

Die gevolgtrekkings in bogenoemde literatuur het gespruit uit diverse ondersoeke wat dikwels geensins verband hou met die negentiende-eeuse Blouberg-konteks nie. Dit het waarskynlik daartoe bygedra dat inkonsekwente afleidings gemaak is toe hierdie veralgemenende teorieë arbitrêr op die interaksie tussen die Hananwa, die Boere en Sonntag toepas is sonder dat die interaksie as sodanig, binne die spesifieke unieke milieu waarbinne dit afgespeel het, beoordeel is.

Makhura openbaar veral 'n voorkeur om hom in die seleksie van bewysmateriaal uit Sonntag se dagboek, te laat lei deur die resultate van verwante, reeds-voltooide studies. Sien byvoorbeeld die inleidende paragraaf tot sy afdeling "The Bagananwa and the Berlin Missionaries":

> Our understanding of the part played by the Berlin missionaries among the Bagananwa is enhanced by a corpus of studies on the nineteenth-century missionary activity in Southern Africa.[37]

Makhura lys 'n vyftiental publikasies waarin die ontmoetings tussen die sendelinge en swart gemeenskappe bespreek word. Te oordeel aan die titel, is die volgende artikel volkome tersaaklik vir 'n studie oor Blouberg in die 1890's: "Christian missions and independent African chiefdoms in South Africa in the nineteenth century."[38] Tog roer dit nie die situasie in Soutpansberg aan nie. Ander studies wat gelys word, bespreek die sendeling-ervaring van Moshoeshoe en sy volgelinge, sommige Zulu-, Xhosa- en Tswana-gemeenskappe.[39] Die enigste publikasie wat die situasie in Soutpansberg aanspreek, is

---

[35] Du Bruyn & Southey, "Treatment of Christianity", pp. 36 & 40; J. & J. Comaroff, *Of revelation and revolution. Christianity, colonialism and consciousness in South Africa I* (Chicago, 1991), pp. xi-xii & 309-311.

[36] J. du Bruyn, "Of muffled Southern Tswana and overwhelming missionaries: the Comaroffs and the colonial encounter", *South African Historical Journal*, 31 (Nov 1994), pp. 294-309.

[37] Makhura, "Bagananwa polity", p. 94.

[38] Sien R.L. Cope, *Theoria*, 3 (May 1979), pp. 1-23.

[39] Makhura verwys byvoorbeeld na L. Thompson, *Survival in two worlds: Moshoeshoe of Lesotho 1786-1870* (Oxford, 1975); M. Dinnerstein, "The American Zulu mission in the nineteenth century: clash over customs", *Church History* 45, 2 (1976), pp. 235-246; J.B. Peires, *The house of Phalo: A history of the Xhosa people in the days of their independence* (Johannesburg, 1981); I. Schapera,"Christianity and the Tswana", in *Journal of the Royal Anthropological Institute*, 88, 1 (1958).

W.L. Maree se *Lig in Soutpansberg*, wat nie op die Berlynse sendelinge fokus nie maar die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingaktiwiteite behandel.[40] Die genoemde literatuur kontekstualiseer inderdaad swartmense se ervaring van sendelingaktiwiteite in Suid-Afrika, maar laat ontstaan tog die vraag of daar genoeg raakvlakke tussen die verskillende ondersoeksterreine is dat die resultate van een ondersoek met geldigheid op 'n volgende een toegepas kan word.

In Jooste se geval is 'n insident se betekenis verdraai omdat dit buite konteks toegepas is. Sy argument dat die Berlynse sendelinge se pligsbesef teenoor die staat mettertyd in vriendskap ontaard het, het algemene geldigheid, maar Christoph Sonntag is 'n swak voorbeeld van dié tendens. As sendeling en Christen, was dit niks meer as sy plig om tydens die oorlog mediese hulp aan die kommandant-generaal te verleen nie. Waar dit verhoudinge tussen hom en Joubert gemoedeliker gemaak het, het Sonntag hierdie toegang probeer benut tot voordeel van die Hananwa. Verskeie inskrywings in Sonntag se dagboek ondersteun mekaar om die veel oortuigender indruk te skep dat Sonntag geen sterk affiniteit vir die Boere gehad het nie en slegs dié Boere-toenadering wat hy nodig geag het om sy werksaamhede as sendeling te beveilig, met hoflikheid begroet het.[41] Jooste onderskryf dit immers self ook elders in sy proefskrif dat Sonntag "noukeurig daarop gelet [het] om nie te nou met die Boere te identifiseer nie."[42]

Die omstredenheid rondom Sonntag se rol sal uiteindelik nie deur die toepassing van elders-gefundeerde aannames opgeklaar word nie, maar deur al die moontlike inligting wat enigsins meer lig op Sonntag se motiverings en handelings te Blouberg kan werp, krities in ag te neem. As individu was Sonntag waarskynlik nòg slegs weldoener nòg slegs koloniale agent. Sy welwillende gesindheid teenoor die Hananwa is binne 'n kolonialiserende sisteem uitgespeel.

Om hierdie rede is dit vir die ondersoeker wat die sendeling se aandeel in die Boer-Hananwa-oorlog wil deurgrond, noodsaaklik om hom of haar deeglik te vergewis van die voorwaardes waaronder sendeling Sonntag op Blouberg werksaam was. In watter mate het die wette van die ZAR, die bepalings van die BSG en die protokol van die Hananwa-gemeenskap sy optrede bepaal en sy inisiatief aan bande gelê? Die sendeling se eie dagboek is nog nie in dié verband behoorlik gefynkam nie. D.W. van der Merwe se

---

[40] Sien W.L. Maree, *Lig in Soutpansberg. Die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Transvaal, 1863-1963* (Pretoria, 1962).

[41] C. Sonntag, *Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar Ch. Sonntag 1886-1895*, p. 110 (Getikte transkripsie van die oorspronklike dagboek, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB): Aanwins A 1281: "Sendeling Christoph Sonntag, 1886-1895, 1891-06-18"); C. Sonntag, *My friend Malaboch, Chief of the Blue Mountains* (Pretoria, ca. 1983), p. 41.

[42] Jooste, "Ras, volk en politiek", p. 18.

magister- en doktorale navorsing[43] oor die BSG in Transvaal, bly ook 'n onontbeerlike bron om die raamwerk waarbinne die sendinggenootskap moes funksioneer, na te speur.[44]

Van der Merwe verduidelik die negentiende-eeuse struktuur van die BSG in Duitsland en in Transvaal; hy verskaf die sendelinge se uitgangspunte oor kultuur, opvoeding en arbeid. Dit is wel so dat kerstening vir die BSG ook opvoeding tot "beskaafde en getroue onderdane van die staat" behels het:[45]

> Dit wil dus blyk asof die sendelinge van die BSG dit as volkome in ooreenstemming met hulle sendingtaak beskou het om die staat ook wat sy beleid ten opsigte van die nie-blankes betref het, met woord en daad te eerbiedig.[46]

Binne hierdie konteks is Van Schalkwyk se uitspraak dat Sonntag "sonder om te versuim ... die kant van die Hananwa gekies" het, problematies. Indien Sonntag se simpatie wel by die Hananwa gelê het, sou hy alleen kovert, of ten minste binne die volgende raamwerk, daaraan uiting kon gee: Sendingstasies kon slegs op versoek van 'n swart leier opgerig word. Die stasie moes deur die ZAR-regering aangewys word en die sendeling deur hulle beroep word. Die sendeling moes in ruil vir hierdie vergunning volkome gehoorsaam wees aan al die volgende wette van die ZAR: hy mag nie handel gedryf het in vuurwapens en ammunisie nie; hy mag nie sonder toestemming ingemeng het in die inboekstelsel nie; dit was sy plig om enige verdagte optrede of sameswering van swartmense teen die regering sonder versuim te rapporteer. Indien hy dit nie gedoen het nie, sou die ZAR hom as medepligtige beskou en dienooreenkomstig behandel.[47] In die ZAR was lojaliteit aan die regering 'n voorvereiste vir die amp van sendeling.

Indien Sonntag wel die kant van die Hananwa gekies het, sou hy slegs daaraan kon uitdrukking gee binne die bepalings van bogenoemde wette. So nie, sou hy verplig geword het om die gebied te verlaat. Sonntag se tegemoetkomende verhouding met die

---

[43] D.W. van der Merwe, "Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 46, I (1984); en "Die Berlynse Sendinggenootskap en kerkstigting in Transvaal, 1904-1962", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 50, II (1987).

[44] Sien ook in dié verband J.S. Bergh, "Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en omgewing, 1866-1881", M.A.-verhandeling, UNISA, 1973. In die voorwoord word die vroeëre Duitse bronne oor die Berlynse Sendinggenootskap en die aanvangsnavorsing wat in Afrikaans en Engels oor die onderwerp gedoen is, kortliks geëvalueer. Die eerste hoofstuk bevat 'n nuttige samevatting van die ontstaansgeskiedenis van die Genootskap in Berlyn en in Suid-Afrika.

[45] Van der Merwe, "Berlynse Sendinggenootskap, 1860-1900", p. 145.

[46] Van der Merwe, "Berlynse Sendinggenootskap,1860-1900", p. 12.

[47] Van der Merwe, "Berlynse Sendinggenootskap, 1860-1900", pp. 12-14.

Boere tydens die 1894-vyandelikhede moet in hierdie lig gesien word. Hy het geen ander keuse gehad as om Boere by die sendingstasie te verwelkom nie. Slegs indien hy 'n redelike mate van vertroue by die Boereleiers kon inboesem, sou hy enigsins in 'n posisie wees om namens die Hananwa te bemiddel. Die inligting wat Van der Merwe in sy verhandeling verskaf, dra dus by om die kompleksiteit van Sonntag se posisionering tydens die Boer-Hananwa-oorlog te begryp.

**Die Boer-Hananwa-oorlog binne konteks van tydgenootlike konflik tussen blank en swart in die groter Soutpansbergdistrik**

In J.A. Mouton se verhandeling oor generaal P.J. Joubert en in J.W.N. Tempelhoff se proefskrif oor die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, is die Boer-Hananwa-konflik telkens as onderafdeling binne 'n veel breër raamwerk behandel.[48]

Mouton se doel met sy studie oor "Genl. Joubert in die Transvaalse geskiedenis" was om 'n regmatige plek toe te ken aan 'n figuur wat volgens hom tot in daardie stadium in die geskiedskrywing oor die ZAR verwaarloos is. Hy voer aan dat Joubert sedert die 1880's van die hoogste posisies in die ZAR beklee het en "saam met Paul Kruger vir baie jare aan die spits van die Boerevolk in Transvaal" gestaan het.[49] In terugskouing, het die oorheersende herinneringe aan laasgenoemde die beeld van Joubert egter begin verdring. Mouton het gestreef na wetenskaplikheid en wou nie in 'n heldeverering van Joubert verval nie. Hy het nie die studie met 'n vooraf-verklaarde persepsie oor Joubert se rol aangepak nie, maar hom ten doel gestel om die aard daarvan uit die ondersoek self te laat spreek.[50]

Tog sou die fokus van die studie Joubert vanselfsprekend in die middelpunt van die beskryfde gebeurlikhede plaas. As die ZAR se kommandant-generaal én superintendent van naturelle gedurende die laaste twee dekades van die negentiende eeu, kon dit te wagte gewees het dat die ZAR se verhoudinge met die swart gemeenskappe binne sy grense inderdaad in 'n baie groot mate rondom die persoon van Joubert moes gewentel het.[51] Dit verbaas dus nie dat die studie 'n volle hoofstuk aan die tagtiger- en negentigerjare se "Stryd teen die naturelle in Wes- en Noord-Transvaal" wy nie.[52]

[48] J.A. Mouton, "Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 20, II (1957); Tempelhoff, "Okkupasiestelsel in distrik Soutpansberg". Prof. Tempelhoff is tans verbonde aan die Departement Geskiedenis van die P.U. vir C.H.O.

[49] Mouton, "Piet Joubert", voorwoord.

*Ibid.*

[51] Die twee poste is eers in 1896 geskei, waarna Joubert steeds aangebly het as kommandant-generaal.

[52] Mouton, "Piet Joubert", pp. 143-157.

Die Boer-Hananwa-konflik word behandel binne 'n hele reeks botsings wat as "opstande" beskryf word. Dit impliseer dat die ondersoeker die ZAR se gesag oor die swart gemeenskappe van Soutpansberg as onomstrede gegewe binne die konteks aanvaar. Die "naturellekwessie" word as die blankes se "probleem" bespreek. Die uitgangspunt in die bespreking is dat die swartmense 'n "las en ergernis" was terwyl die regering, met Joubert as verantwoordelike amptenaar aan die voorpunt, voortdurend na vrede gestreef het. Joubert se beleid word as "humaan" en verlig" beskryf. Die blanke optrede word telkens as geregverdig aangebied.[53]

Die hoofstuk bring vir die ondersoeker duidelikheid oor die chronologiese opeenvolging van die blank/swart-konflikte waarvan die Boer-Hananwa-oorlog deel gevorm het. Die woordkeuse in die frases waarmee die outeur 'n oorgang tussen die verskillende konflikte bewerk, bevestig - soos ook in die vorige paragraaf aangedui - die ideologiese raamwerk kenmerkend van die tydgees waarin hy geskryf het. Die woorde wat die beeld van die swart gemeenskappe as die oortreders en rusverstoorders vaslê, word telkens in die aanhalings gekursiveer:

> Die *moeilikheid* met Khama was nou opgelos maar in Noord-Transvaal sou Majatje, die slim koningin van die Bavenda [sic], spoedig weer die *vrede steur.*[54]
>
> ***
>
> Ander stamme het haar [Modjadji se] voorbeeld gevolg en verskeie naturelle-hoofde het *lastig* begin word. Die vernaamste van hulle was Magato.[55]
>
> ***
>
> *Klagte* het ook van tyd tot tyd by die regering ingekom dat Malaboch deur sy gedurige *verset, weerstand en onwilligheid* die naturelle-kommissaris verhinder het om by hom en sy volk die sensus op te neem, belastings in te vorder en die wet te handhaaf.[56] [Mmalebôhô was die eerste teen wie opgetree is, Mei - Julie 1894]
>
> ***
>
> Die naturelle-onderkapteins Seleboel, Mahoepa en Magoeba het by die dag *brutaler* geword.[57] [Deur die Boere verslaan, Augustus 1894]
>
> ***

---

[53] Mouton, "Piet Joubert", pp. 154, 157 & 143.

[54] Mouton,. "Piet Joubert", p. 148.

[55] *Ibid.*

[56] Mouton, "Piet Joubert", p. 149.

[57] Mouton, "Piet Joubert", p. 152.

Majatje was die laaste om mee *af te reken.*[58] [Veldtog teen Modjadji, September 1894]

***

In Zoutpansberg was die vrede egter nog glad nie herstel nie. Magoeba was nog op *vrye voet.*[59] [Veldtog teen Makgoba, Junie 1895].

***

Daarna was daar vir 'n paar jaar vrede in Zoutpansberg.[60]

***

Die Republiek se laaste Kafferoorlog was teen kaptein M'pefu en die Bawenda-nasie (ook wel Magato-kaffers genoem). M'pefu se vader het die regering veel *las en ergernis* besorg.[61]

***

[Mphephu het] *duidelike begeerte getoon* om openlik in *opstand* te kom en *onluste* te veroorsaak.[62] [Veldtog teen Mphephu, Oktober - November 1898]

Die kontinuiteit tussen die verskillende veldtogte is onmiskenbaar. Mouton het Joubert se "[b]eleid om die naturelle deur forte nouer en nouer in te sluit en van die water af te sny" as 'n tendens wat tydens al die veldtogte herhaal is, identifiseer.[63] Die "Malaboch-veldtog" was wat hierdie taktiek betref geen uitsondering nie.[64] Die mededeling dat Joubert sy bes gedoen het om eers vreedsaam met Mmalebôhô te probeer skik, pas ook in by die beeld van die kommandant-generaal wat Mouton uit al die ander veldtogte opgebou het.[65] Die spanning ontketen deur die kommandering van onderdane van vreemde moondhede, was wel 'n faset uniek aan die "Malaboch-veldtog".[66]

Mouton se uiteensetting skets Magato [Makhado] se Venda as die vernaamste bedreiging vir die Boere. Hy beskryf die lewe van die blanke nedersetters in die Laeveld (onder

---

58 *Ibid.*

59 Mouton, "Piet Joubert", p. 153.

60 *Ibid.*

61 Mouton, "Piet Joubert", p. 154.

62 *Ibid.*

63 Mouton, "Piet Joubert", p. 157.

64 Mouton, "Piet Joubert", pp. 151-152.

65 Mouton, "Piet Joubert", pp. 148 & 151.

66 Mouton, "Piet Joubert", p. 150.

Modjadji se Lobedu) as so ondraaglik dat hulle uit die gebied begin wegtrek het.[67] Daarteenoor is die berigte van fisiese bedreiging deur Mmalebôhô spesifiek, veel vaer. Die beskuldiging dat Mmalebôhô openlik verklaar het dat hy "onafhanklik [was] en sy eie baas [wou] wees", is in die lig van die knaender en ernstiger aantygings teen die ander leiers, nie werklik bevredigende motivering waarom juis die Hananwa eerste aangeval is nie.[68]

Die vertelling oor die Boer-Hananwa-oorlog in Mouton se verhandeling verloop oor ongeveer drie bladsye (uit 'n hoofstuk van veertien) en is uit die volgende bronne saamgestel: As sekondêre bronne, spesifiek rakende die kommandering van onderdane van buitelandse moondhede, is gebruik die gedenkskrifte van Paul Kruger[69] en J.F. van Oordt se *Paul Kruger en de opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek.*[70] Die artikel oor Mmalebôhô wat met sy dood in 1939 in die *Huisgenoot* verskyn het, is ook geraadpleeg.[71] Die outeur daarvan, G.H. Franz, was die seun van die sendeling wat Sonntag in 1897 te Blouberg opgevolg het. Franz was 'n kenner van die Hananwa-kultuur en hulle variëteit van Noord-Sotho. Hananwa-verhale wat deur hom opgeteken is en ook van sy eie fiktiewe verhale gesitueer in die Blouberg-area, is gepubliseer.[72] In *Laaste verhale*, wat heelwat later as Mouton se verhandeling verskyn het, is 'n vollediger weergawe van die besonder informatiewe 1939 *Huisgenoot*-artikel opgeneem.[73] Naas hierdie bron, het Mouton ook die *Volksstem* van 1894 geraadpleeg. Wat argivale bronne betref, verwys hy na die verslag van kommandant-generaal Joubert soos opgeneem in die Argief van die Staatsekretaris;[74] nog 'n dossier uit hierdie argief, waarin die vernaamste dokumentasie

---

67 Mouton, "Piet Joubert", p. 149.

68 Mouton, "Piet Joubert", p. 150.

69 S.J.P. Kruger, *Gedenkschriften van ... geciteerd aan H.C. Bredell en P. Grobler*, (red. F. Rompel) (Amsterdam, 1902).

70 In 1898 in Kaapstad en Amsterdam uitgegee. Van Oordt se vader, J.W.G. van Oordt, was staatshistorikus van die ZAR en het meegewerk aan die boek.

71 G.H. Franz, "Mmalebogo", *Die Huisgenoot*, 10 Februarie 1939, pp. 35 & 89-91.

72 L. Zöllner & H. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag* (Pretoria, 1984), pp. 86-87. Franz se publikasies sluit onder ander in *Tau, the chieftain's son* (1929), *Makinta tales* (1936), *Moloisi, die wyse* (1942), *Verhale van Hananwa* (1965), *Laaste verhale* (1965) en *Masilo se oorwinning* (1957).

73 Franz, *Laaste verhale* , pp. 16-26.

74 TAB: Staatssecretaris (hierna SS) 4700, R. 2004/95: *Verslag of Algemeen Overzicht van den Commandant-Generaal van den gevoerden krijg tegen de oproerige Kafferstammen van Malaboch (Blouberg), Seleboel, Magoeba, Mahoepa en anderen, wonende in de Lage Velden van het district Zoutpansberg*, 1895-02-20.

oor die Blouberg-veldtog byeengebring is;[75] 'n Volksraadsbesluit waarin Joubert se oproep tot aksie teen Mmalebôhô opgeneem is[76] en laastens, die Uitvoerende Raadsbesluit ingevolge waarvan die kommando's opgeroep is.[77]

'n Leemte in Mouton se aaneenskakeling van die Boere-veldtogte teen die swart gemeenskappe in die noorde van die ZAR, is dat dit nie die swart ontevredenheid verklaar of behoorlik uiteensit waarteen die swartes hulle verset het nie (sien weer die aanhalings hierbo). Die stapsgewyse verowering na verowering van die ZAR oor die swart gemeenskappe word nie verduidelik as deel van die groter "plan" waarbinne dit gestaan het nie: Die verband tussen die gewapende konflik en die werksaamhede van die Lokasiekommissie, óf die implementering van die Okkupasiewet van 1886, kom nie sterk na vore nie. Hierdie leemte word deur Tempelhoff se studie gevul.

Tempelhoff het die Boere-veldtogte van die 1890's teen Modjadji, Mmalebôhô, Makgoba en (Makhado en) Mphephu in die laaste afdeling van sy studie oor "Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg" ingesluit. Die eerste afdeling het gehandel oor die rol van die owerheid in die daarstelling van die okkupasiestelsel. In die tweede is die sosio-ekonomiese struktuur van die blanke samelewing in die distrik Soutpansberg ondersoek. Die onderwerp van die laaste afdeling is die invloed wat blanke vestiging in die distrik Soutpansberg op plaaslike swart gemeenskappe gehad het. Onder die opskrif "Swart aanpassings en die uitbreiding van blanke owerheidsbeheer" word die aansprake wat die blanke vestiging op swart grond en arbeid gehad het en die uitbreiding van blanke owerheidsadministrasie oor die swart gemeenskappe beskryf. Daarna word oorgegaan tot 'n bespreking van die militêre veldtogte, ook die een teen Mmalebôhô.

Insig in die okkupasiestelsel help die ondersoeker om die swart gemeenskappe in die omgewing van die Soutpansberg geografies en konstitusioneel binne die raamwerk van die Boerestaat, die ZAR, te beskou. Dit verklaar, om weer die Comaroffs se betekenisonderskeidings te gebruik, hoe die swartmense se *staat* (synde hulle bestaanswyse - grondaanwending, ekonomiese lewe, interne gesagstrukture) in 'n nuwe *staat* (synde die jurisdiksie van die blanke regering) opgeneem is. Die vasberadenheid van die Boere om hulle beleid deur te voer en die ontwrigting wat dit vir die swart

---

[75] SS. 4413, R. 8813, pp. 6-57: Staatssecretaris zendt in Uitvoerende Raadsbesluit re bespreking van verskillende rapporten van den Commandant-Generaal re het opperhoofd Maleboch en zijn hoofden, die zich schuldig hebben gemaakt aan handelingen welke in strijd zijn met de orde en veiligheid den Z.A. Republiek, 1894-08-27; SS. 4413, R. 8813, CR. 4823/94, pp. 58-107: Commandant-Generaal zendt in rapport onderzoek toestand naturellen Zoutpansberg, 1894-05-10.

[76] TAB: Eerste Volksraad (EVR). 51: Volksraadsbesluite, Art. 62, 1894-05-12.

[77] TAB: UR. 12: Uitvoerende Raadsbesluite, Art. 269, 1894-04-12.

gemeenskappe meegebring het, het tesame tot die militêre botsings van die 1890's meegewerk.

Tempelhoff verduidelik die konsep "okkupasie" binne Suid-Afrikaanse historiese konteks, soos volg:

> Die tradisie van owerhede in Suid-Afrika om grond in "okkupasie" aan nedersetters uit te gee, het lank voor die Okkupasiewet van 1886 sy beslag gekry. Dit is gewoonlik ingevoer wanneer daar 'n behoefte by owerheidswee bestaan het om 'n ylbewoonde grensgebied vir digter nedersetting oop te stel. Sodoende kon die natuurlike hulpbronne van 'n gebied na behore geëksploiteer word. Die teenwoordigheid van 'n aansienlike bevolking op sodanige okkupasiegrond het gunstige omstandighede geskep vir die organisering van militêre kommando's wanneer dit nodig sou wees om teen vyandige swart gemeenskappe op te tree.[78]

Die wetgewing en prosedure waarvolgens okkupante sedert die laat 1880's grond in Soutpansberg toegeken is, word uitvoerig deur Tempelhoff bespreek. Die redes waarom die stelsel in daardie bepaalde periode spesifiek vir die Soutpansberggebied geïmplementeer is, is 'n aanhaling werd. Dit gee helderheid oor die oorsprong van die 1894-Boer-Hananwa-oorlog wat in voorafgaande studies oor die onderwerp grootliks ontbreek het.

> Die onmiddellike redes vir die instelling van die Okkupasiewet in Soutpansberg [het] rondom die beveiliging van die landstreek vir blanke bewoning en ekonomiese vooruitgang gewentel. Terselfdertyd moes aan behoeftige en grondlose mense die geleentheid gegee word om ook grondbesitters te word.[79]

Tempelhoff wys wel daarop dat dit in die geval van die distrik Soutpansberg nie so eenvoudig is om die blanke okkupasie as 'n omverwerping van die tradisionele swart besettingspatroon te beskryf nie. Die grondgebied was, westers-juridies, geruime tyd reeds in die ZAR se besit. Gedurende die tagtigerjare van die negentiende eeu is bloot besluit dat dit op 'n ander wyse benut moes word. Die doelstelling was nou "om die ZAR se *de facto* aanspraak op die grondgebied by wyse van *magsaanwending* sistematies te *bevestig*."[80]

Die vestiging van groot getalle blanke okkupante in die noorde van die ZAR was nietemin

---

[78] Tempelhoff, "Okkupasiestelsel", pp. 31-32.

[79] Tempelhoff, "Okkupasiestelsel", p. 40.

[80] Tempelhoff, "Okkupasiestelsel", p. 41. Eie kursivering.

...ook deel van 'n meer omvattende poging van owerheidsweë om die swart gemeenskappe tot die bewoning van bepaalde gebiede vas te pen. Die staat was voornemens om die "rustelose boer" te verplig om 'n permanente tuiste te skep. Dieselfde het egter ook vir die swartes gegeld.[81]

Tempelhoff verduidelik in sy studie hoe die Plakkerwet van 1887 die aantal swartes woonagtig op blanke plase beperk het. Die Lokasiekommissie, waarna reeds verwys is in die vermelding van Bergh se artikel, het in dieselfde tyd met toekenning van afgebakende woonterreine aan swart gemeenskappe begin. Die resultaat van hierdie twee stappe van owerheidsweë was dat die blanke aanspraak op die swartmense se grond en arbeid vergroot is. Die druk was nie net op lede van die swart gemeenskappe nie; die gesagsposisies van swart leiers is ook daardeur ondermyn. Terwyl die leiers van kleiner gemeenskappe in die toekenning van "lokasies" die geleentheid gesien het om onder die nuwe omstandighede vir hulleself 'n onafhanklike leefwyse te verseker, het "[v]eral sterk hoofde, soos Modjadji, Mmalabôgô en Makhado ... geweier om lokasies te aanvaar totdat militêre optredes teen hulle onderneem is."[82]

Die inleiding tot Tempelhoff se bespreking van hierdie militêre optredes en sy behandeling van die Blouberg-veldtog as sodanig, los heelwat van die onduidelikhede wat uit 'n bespreking soos die van Mouton na vore getree het, op. 'n Tergende vraag is byvoorbeeld waarom Mmalebôhô reeds in 1894 aangeval is terwyl Makhado se Venda, wat vóór dit rééds as veel groter "struikelblok" in die implementering van ZAR-beleid beskou is, eers in 1898 aangedurf is. Tempelhoff erken dat die gemeenskap van Mmalebôgô geen direkte bedreiging vir die permanente blanke nedersettings in die distrik Soutpansberg ingehou het nie. Dit was egter die regering se beleid om swart gemeenskappe uit bergvestings te verwyder. Daar is ook gehoop om van Mmalebôhô 'n voorbeeld te maak. Die streng optrede teen hom moes die ander swart gemeenskappe beweeg om hulle te skik na die ZAR-regering se vereistes.[83] Tempelhoff verduidelik verder:

> Die Mmalebôgô-oorlog moet gesien word teen die breë agtergrond van optredes wat deur die superintendent van naturelle en kommandant-generaal, Piet Joubert, van stapel laat loop is ter voorbereiding van die groot veldslag teen Makhado. Deur Makhado se buurgemeenskappe aan te val is die Venda-hoof in werklikheid "sag" gemaak vir optredes wat later teen sy opvolger, Mphephu, onderneem sou volg. Terselfdertyd was die veldtog

---

[81] Tempelhoff, "Ookkupasiestelsel", p. 42.

[82] Tempelhoff, "Okkupasiestelsel", p. 470.

[83] Tempelhoff, "Okkupasiestelsel", pp. 507-509.

teen Mmalebôgô 'n oefenlopie vir 'n heelwat moeiliker veldtog, die een teen Modjadji, wat direk na afloop van die Mmalebôgô-oorlog onderneem is.[84]

Vir sy vyf-bladsylange beskrywing van die veldtog teen Mmalebôhô,[85] het Tempelhoff begin met 'n kort verwysing na die herkoms van die Hananwa, waarvoor 'n Krige-artikel weer eens geraadpleeg is.[86] Hy verwys ook na die inskrywing oor Mmalebôhô in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek.*[87] 'n Sekondêre bron waarna verwys word om die teorie te staaf dat daar besluit is om van Mmalebôhô 'n voorbeeld te maak, is C. Jeppe se *Kaleidoscopic Transvaal.*[88] Tempelhoff het, soos Mouton, die *Volksstem* geraadpleeg, maar hy het ook *Land en Volk*, die fanatieke anti-regeringskoerant van Eugene Marais, gebruik om inligting oor die oorlog te bekom.[89] Anders as Mouton, het Tempelhoff wel die dagboek van sendeling Sonntag geraadpleeg, veral om die aanloop tot die oorlog te beskryf.[90] Soos Van Schalkwyk, gebruik hy die Engelse vertaling daarvan. In die kort bestek waarbinne hy die veldtog beskryf, sou dit nie moontlik wees om hierdie egodokument ten volle te benut nie, maar 'n stelling soos die volgende dui daarop dat die outeur hierdie enkele bron as gewigtige getuienis beskou het: "Uit die dagboek van Christoph Sonntag, ... wil dit voorkom asof die verhouding tussen kommandant Barend Vorster en Mmalebôhô reeds 'n geruime tyd voor die oorlog swak was."[91] Die onbetroubare kwasi-dagboekpublikasie van Colin Rae is agter-in die bronnelys opgeneem, maar word glad nie as verwysing gebruik wanneer die oorlog bespreek word nie.

Wat argivale bronne betref, verwys die Tempelhoff-proefskrif, soos Mouton se verhandeling, na die verslag wat die kommandant-generaal oor die oorlog opgestel het.[92] 'n Gedeelte uit die Volksraadsbesluit van 12 Mei 1894, waarna Mouton ook verwys het,

---

[84] Tempelhoff, "Okkupasiestelsel", p. 511.

[85] Tempelhoff, "Okkupasiestelsel", pp. 507-512.

[86] Krige, "Traditional origins".

[87] D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek,* III (Kaapstad, 1977), p. 636.

[88] C. Jeppe, *Kaleidoscopic Transvaal* (Johannesburg, 1906), pp. 150-151.

[89] Gordon, *Boer opposition*, pp. xvi-xviii.

[90] Die verskyning van 'n Engelse vertaling vroeg in die jare tagtig het die Sonntag-dagboek vanselfsprekend veel meer toeganklik vir navorsers gemaak.

[91] Tempelhoff, "Okkupasiestelsel", p. 509. Die verwysing is na Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 10-13 & 39.

[92] SS. 4700, R. 2004/95: *Verslag of Algemeen Overzicht van den Commandant-Generaal*.

word in dieselfde verband as die verwysing na *Kaleidoscopic Transvaal* aangehaal.[93] Korrespondensie tussen die landdros van Pietersburg en die Kantoor van die Superintendent van Naturelle is ook gebruik.[94] Naas die dokumentasie in die Transvaalse Argiefbewaarplek, is ongepubliseerde materiaal uit 'n veertiental ander bewaarplekke ook vir die proefskrif deurgewerk. Een daarvan is die Kantoor van die Direktoraat Opmeting en Kartering. Getuienis voor die Lokasiekommissie wat Tempelhoff daar opgespoor het, het in sy uiteensetting van die "Mmalebôgô-veldtog" tereggekom.[95]

Met dié dat sy proefskrif soveel later as die verhandeling oor Piet Joubert geskryf is, het Tempelhoff die voordeel gehad om op Mouton se navorsingsresultate te kon voortbou. Onder sy bespreking van die veldtog teen Mmalebôhô sowel as die veldtogte wat daarop gevolg het, gee hy in voetnote daaraan erkenning.[96] Die wyse waarop hy die opeenvolgende veldtogte gekonstrueer het, is Tempelhoff se eie produk, sodat verwysings na die viertal verhandelinge wat gedurende die veertig- en vyftigerjare oor elk van dié veldtogte geskryf is, nie oordadig in voetnote gelys word nie. Hy het wel daarvan kennis geneem, wat ook raadsaam sal wees vir die navorser wat 'n aanvangsgreep op die geskiedenis van die periode wil kry met die oog op 'n studie van die Boer-Hananwa-oorlog.

Al vier die magister-verhandelings is aan die Universiteit van Pretoria voorgelê. H.W. Grimsehl se "Onluste in Modjadjiland, 1890-1894" is in 1955 in die *Argiefjaarboek* gepubliseer.[97] N.C. Weidemann se "Die Malaboch oorlog (1894)" is in 1944 voltooi en twee jaar later in *Historiese Studies* gepubliseer.[98] L.S. Kruger se studie oor "Die Makgoba- (Magoeba) oorlog, 1894-1895" is in 1955 voorgelê. Die Boereveldtog wat laaste plaasgevind het, was die eerste wat aan wetenskaplike ondersoek onderwerp is: J.I. Rademeyer se "Die oorlog teen Magato (M'pefu), 1898", is in 1944 reeds in *Historiese studies* gepubliseer.[99] Dit was ook die eerste van die konflikte wat deur 'n ánder historikus in heroënskou geneem sou word. In 1977 het M.H. Nemudzivhadi sy magistergraad aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf met die verhandeling: "The conflict between

---

93 EVR. 51: Volksraadsbesluite, pp. 33-34: Art. 62, 1894-05-12.

94 TAB: Argief van die landdros van Soutpansberg: Bande 9 en 15, Uitgaande brieweboeke.

95 DIROK, Kelder: Reports of Location Commission for Surveyor General Vol. 2, pp. 578-579: Getuienis van O. Dahl voor kommissie op 224 Junie 1906.

96 Tempelhoff, "Okkupasiestelsel", pp. 509 & 532.

97 H.W. Grimsehl, "Onluste in Modjadjiland, 1890-1894", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 18, II (1955).

98 N.C. Weidemann, "Die Malaboch-oorlog (1894)", *Historiese Studies*, 7, 1 (1946).

99 J.I. Rademeyer, "Die oorlog teen Magato (M'pefu), 1898", *Historiese Studies*, 5, 2 (1944).

Mphephu and the South African Republic (1895-1899)." Sy uitgangspunt was dat die stryd om die leierskap oor die Venda na Makhado se dood in voorafgaande studies as rede vir die Boer-Venda-konflik onderskat is. Die Boer-Hananwa-konflik wat aanvanklik deur Weidemann beskryf is, is in 1993 deur Makhura herskryf. Nadat die konfrontasies aanvanklik in Afrikaans beskryf is deur outeurs wat met die Boere identifiseer het, het die tendens dus omgekeer: Beide Nemudzivhadi en Makhura het nouer bande met die twee partye wat in die onderskeie veldtogte téén die Boere te staan gekom het, gehad. Met hulle kennis van die taal, kultuur en terrein was hulle by uitstek in staat om mondelinge getuienis van die Venda en Hananwa te bekom en dit met argivale getuienis te koördineer. Hulle resultate is in Engels gepubliseer.

Die 1946- en die 1993-weergawes van die 1894-oorlog tussen die Hananwa en die ZAR reflekteer die veranderende tydgees en die uiteenlopende groepsgebonde subjektiwiteit van die outeurs. Die verskillende benamings vir dieselfde onderwerp is 'n eerste leidraad: Weidemann se "Malaboch-oorlog" en Makhura se "Boer-Bagananwa War".

**Ondersoeke waarin pertinent op die 1894-konflik gefokus word**

Weidemann het die "Malaboch-oorlog" in vyf hoofstukke aangebied. In "Die Malabochstam en hulle verset teen wet en orde", word die vroeëre geskiedenis van die Hananwa en daarna die gebeure wat sedert die laat 1870's tot die 1894-konflik aanleiding begin gee het, beskryf.[100] Vir Weidemann lê die oorsake van die oorlog in die Hananwa se "weerspannigheid" om aan die regering se vereistes (veral rakende die betaal van belasting) gehoor te gee. Soos Mouton beklemtoon hy die "vreedsame wyse waarop die Regering orde wou bring in Zoutpansberg".[101] Die ironie daarin dat dié vreedsaamheid net so ver gestrek het as die Hananwa se bereidheid tot onderhorigheid, gaan by die outeur verby - waarskynlik omdat hy die ZAR as die vanselfsprekende owerheid oor die Hananwa aanvaar. Nadat die lewering van die eerste twee ultimatums aan Mmalebôhô bespreek is, word hoofstuk een afgesluit met die bewering dat kommandant Barend Vorster teen Mei 1894 alreeds "in 'n staat van oorlog met Malaboch" was om, soos die hoofstuktitel aandui, wet en orde te handhaaf én "die prestige van die Suid-Afrikaanse Republiek nie te laat daal nie."[102]

In hoofstuk twee, "Die kommando trek uit", word die kommandering van krygers vir die ZAR se veldtog beskryf.[103] Die verset van sommige Engelse om aan die kommanderings-

[100] Weidemann, "Malaboch-oorlog", pp. 1-9.

[101] Weidemann, "Malaboch-oorlog", p. 3.

[102] Weidemann, "Malaboch-oorlog", p. 9.

[103] Weidemann, "Malaboch-oorlog", pp. 10-20.

bevel gehoor te gee, hulle mislukte hofsaak en daaropvolgende gedwonge deelname aan die Boere-veldtog kom kortliks ter sprake. Die outeur plaas nie die insident binne die breër raamwerk van groeiende "uitlander"-ontevredenheid op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog nie. Die tog van die verskillende kommando's na Blouberg, terwyl die Hananwa Vorster in die tussentyd aldaar "lelik laat les opsê" het, word in redelike detail bespreek.[104] Dat Vorster besig was om die Hananwa te probeer verhinder om hulle lande te oes, is 'n faktor wat redelik onderspeel word. Volgens Weidemann het Mmalebôhô met sy "vredesaanbod" van £20 en 'n wit os op 8 Junie 1894 vir homself 'n wapenstilstand van drie dae bewerk. Die hoofstuk eindig met die aankoms van die Pretoria-kommando en Matlala se hulptroepe by Blouberg op 12 Junie 1894.

Die derde hoofstuk, "Die bestorming van Blouberg", beskryf die aankoms van die res van die ZAR-kommandos en behandel die wyse waarop kommandant-generaal Joubert se beproefde fortsgewyse omringing van sy vyand se hoofsetel, ook te Blouberg onderneem is.[105] Hoewel Weidemann, wat die skryfstyl en inhoud van sy vertelling betref, sterk met "die burgers" identifiseer, gee hy gelyk dat "die vyand" goeie skuts was en dat daar, ten minste tydens die Boere-aanval van 20 Junie "geen koördinasie tussen die kommandos was nie.[106] Die Boere-vordering word nietemin optimisties beskryf en hoofstuk drie soos volg afgesluit:

> Die vyand was die oggend van 29 Junie mooi vasgekeer in die hoofstad en die burgers het 'n desperate weerstand verwag. Geen forte kon nader aan die hoofstad gebou word nie, sodat die Kommandant-generaal met 'n nuwe aanvalstaktiek voor die dag moes kom.[107]

Op hierdie stelling, volg daar heelparty teenstrydighede in Weidemann se vertelling "Beleg van die hoofstat - Malaboch gee oor."[108] Dit blyk byvoorbeeld uit hoofstuk vier se inleidende sin dat "die vyand", helaas, nie so mooi vasgekeer was nie: "Alhoewel Malaboch deeglik omsingel was, was daar nog baie van die vyand tussen die bosse sodat die forte ontwerp is dat na alle kante geskiet kon word."

Was Mmalebôhô dan werklik so deeglik omsingel? Weidemann se persepsie oor die erns - of gebrek aan erns - waarmee die ZAR-krygers 'n wapenstilstand bejeën het, is ook opmerklik:

---

104 Weidemann, "Malaboch-oorlog", p. 15.

105 Weidemann, "Malaboch-oorlog", pp. 21-32.

106 Weidemann, "Malaboch-oorlog", p. 26.

107 Weidemann, "Malaboch-oorlog", p. 32.

108 Weidemann, "Malaboch-oorlog", pp. 33-42.

> Sendeling Sonntag versoek toe die Kommandant-generaal om 'n wapenstilstand van een dag sodat hy met Malaboch kan gaan onderhandel en hom te versoek om onvoorwaardelik oor te gee [7 Julie 1894]. Dit het luitenant Schroeder en sy vrywilligers kans gegee om 'n tweede lading dinamiet te laai.[109]

Weidemann was skynbaar nie bereid om kritiek te lewer op hierdie oorlogsdaad onder die dekmantel van 'n wapenstilstand nie.

Sy ondersoek eindig met "Die einde van Malaboch en sy stam" - die slothoofstuk.[110] Daar word verduidelik hoe Mmalebôhô ses jaar in die gevangenis in Pretoria deurgebring het sonder dat hy ooit gevonnis is, terwyl sy volgelinge na Blouberg teruggekeer het. Daar word verkeerdelik beweer dat hulle in 'n "lokasie" geplaas is. Reedsgenoemde artikel van Bergh het immers bevestig dat die Hananwa met die uitbreek van die oorlog wat in 1902 op die einde van die ZAR sou uitloop, steeds nie 'n afgebakende gebied toegeken is nie. Weidemann se slot-vertelling doen nie die titel van hoofstuk vyf gestand nie - weer eens 'n teenstrydigheid: Die 1894-oorlog wás nie die einde van die Hananwa nie. Mmalebôhô het in 1900 "... teruggegaan na sy volk wat hom met blydskap ontvang het. Hier aan die hoof van sy volk het hy rustig gebly tot 1939 toe hy in die hoë ouderdom van sowat 80 jaar oorlede is."[111]

In Weidemann se bronnelys word 'n indrukwekkende nege geraadpleegde tydskrifte en koerante gelys. Sekondêre bronne vorm 'n skaler versameling, maar daar moet toegegee word dat wat wetenskaplike navorsing op die terrein betref, Weidemann 'n baanbreker was en nie soveel gehad het om op terug te val as byvoorbeeld Tempelhoff óf Makhura nie. Die gepubliseerde en ongepubliseerde bronne oor die "Malaboch-veldtog" wat in die Transvaalse Argiefbewaarplek beskikbaar is, word goed in die studie verteenwoordig. Weidemann voer ook aan dat hy "baie waardevolle informasie" mondelings van die "indoenas van Malaboch" ontvang het.[112]

Aan die kwantiteit en verskeidenheid bronne wat geraadpleeg is, skort die studie op die oog af nie. Wat wel steurend is, is dat Weidemann sy bronne kritiekloos gevolg het en dat weergawes wat vanweë hulle oorsprong ooglopend verskillende vooroordele en beskouings moes adem, nie met mekaar vergelyk is nie. Die mondelinge getuienis van Mmalebôhô se tydgenote is onherroeplik saam met hulle graf toe; Weidemann wat daarop

---

[109] Weidemann, "Malaboch-oorlog", p. 36.

[110] Weidemann, "Malaboch-oorlog", pp. 43-46.

[111] Weidemann, "Malaboch-oorlog", p. 46.

[112] Weidemann, "Malaboch-oorlog", p. 48.

aanspraak maak dat hy dit aangehoor het, het nie in sy studie reg daaraan laat geskied nie. Geen voetnootverwysings daarna is gemaak nie. Daarteenoor is wat in argivale bronne gelees is, sonder meer as betroubaar aanvaar. 'n Voetnootverwysing na die krygskommissaris se brief is voldoende om "dr. Mader" feitlik as moordenaar van sy Boere-pasiënte te verdoem. Colin Rae se publikasie, wat andersins druk in die Weidemann-teks as bron benut word, verskaf inligting wat ten minste 'n heroorweging van Mader se "onhebbelike" behandeling sou regverdig. Terwyl Rae se nie-chronologiese sameflansing van koerantberigte strenggesproke nie eens hoort onder tekste wat geraadpleeg word vir 'n wetenskaplike besinning oor die krygsgebeure nie, is die algehele weglating van sendeling Sonntag se dagboek as bron, 'n groot leemte.

Indien Weidemann Sonntag se dagboek gelees het, sou hy die sendeling se beskouing oor die vyandelikhede ten minste naas die ZAR-uitgangspunt, soos gevind in die argivale materiaal, in oënskou kon neem. Weidemann dupliseer bloot die vooroordeel in die ZAR-amptenare se korrespondensie en verklarings; hy slaag nie daarin om dit as sodanig te identifiseer nie. Hy styg nie uit bo die Boere se gebondenheid aan hulle eie tydgees nie. In sy vertelling is die Hananwa vir hom as outeur steeds "die vyand", soos hulle dit in 1894 vir die Boere was. Die gebeure word besonder sterk vanuit Boere-oogpunt aangebied; húlle tog na Blouberg word beskryf, húlle ervarings binne húlle laers word weergegee; húlle buit word verdeel; húlle oorwinning word behaal. Tog is daar, ten spyte van al die verkleinerende opmerkings oor die Hananwa as weerspannige vyand, nie by die outeur 'n verguisende houding teenoor Mmalebôhô nie. Die leier van die Hananwa word eerder met bewondering, as "'n groot man" beskryf. Hierdie teenstrydigheid in Weidemann se vertelling word meer verstaanbaar met inagneming van wat die laaste woorde in sy verhandeling verraai: "[Mmalebôhô se] naam sal nie net onder *hulle* [die Hananwa] nie, maar ook in *ons* geskiedenis bly voortbestaan."

Vir Weidemann was dit só vanselfsprekend om geskiedenis volgens die denkwyse van sy eie gemeenskap te skryf, dat hy dit nie eens nodig geag het om homself in 'n uitgebreide voorwoord oor sy posisionering te verantwoord nie. Wanneer sy verhandeling as "ons geskiedenis" gelees word, maak die kritieklose navolging van Boere-dokumente en die tersydestelling van Hananwa-herinneringe opeens sin. Weidemann het nie in sy verhandeling probeer om onpartydige skeidsregter tussen die ZAR en die Hananwa te wees nie. Hy het homself (volgens taal en herkoms?) in die kamp van die Boere (of hulle nageslag) bevind en húlle selfhandhawing tydens 'n veldtog teen 'n teenoorstaande gemeenskap, beskryf. Die eksistensiële krisis waarbinne die Hananwa-samelewing gedompel is, was nie werklik vir hom ter sprake nie.

Waar Weidemann sy uitgangspunt tot die skryf van sy geskiedenis oor die 1894-oorlog subtiel in 'n laaste voetnoot verraai, het Makhura die benadering wat hy in *sy* konstruksie van die gebeure sou volg, uitvoerig in die inleiding tot sy verhandeling verantwoord. Die laaste derde van sy meer as driehonderd-bladsylange verhandeling, was die hoofdoel van

sy ondersoek. Die eerste twee afdelings, oor die pre-koloniale Hananwa-samelewing (Makhura verkies die konsep "polity") en die "settler society" wat die Hananwa-gebied gedurende die negentiende eeu betree het, was voorbereiding daarop.[113] Self stel dit soos volg:

> ... the main object of this study, is to offer an analysis and re-interpretation of the Bagananwa response and reaction to the imposition of European (particularly Boer) control. Thus an alternative interpretation of the 1894 Boer-Bagananwa war, the most distorted aspect of the Bagananwa past, constitutes a central part of this aim.[114]

Vir Makhura staan die oorlog dus binne die raamwerk van blanke (lees koloniale, of Boere) -onderwerping van die Hananwa. Hy wil die leemtes en ongegronde mites in die bestaande "koloniale" literatuur uitwys deur die "African side of the story" te belig.[115] Hy beskryf die filosofie onderliggend aan sy navorsing as 'n beskouing "van binne". Sy studie is 'n *People's History* in dié sin dat hy "from the bottom up" skryf. Hy wil die gevoelens, intensies, houdings en ervarings van die gewone Hananwa-mans, -vroue en -kinders weergee.[116] Sy oogmerk met hierdie benadering is die dekolonialisering en heropeising van die Hananwa-verlede vir hulleself.[117]

Makhura gaan in diepte in op die "Events leading up to the Boer-Bagananwa War".[118] Hy neem die situasie op met die aanvang van die herstelde Boerebeheer oor Transvaal in 1881. Met uitvoerige verwysing na die naturelle-kommissarisse se rol, verduidelik hy hoe die Hananwa se verhoudinge met die Boere vertroebel is deur boere, die BSG, agente, afwesige grondeienaars en grondspekulante se aansprake op Hananwa-grond.[119] Die effek van die Lokasiekommissie se aanbevelings en die toepassing van die Plakkerswet in die Bloubergomgewing, geniet ook aandag - so ook die spanning wat veroorsaak is tydens pogings om belasting van die Hananwa in te vorder.[120]

---

[113] Makhura, "Bagananwa polity", pp. 1-9.

[114] Makhura, "Bagananwa polity", synopsis.

[115] Makhura, "Bagananwa polity", p. 10.

[116] Sien ook die referaat wat uit hierdie verhandeling voortgespruit het: T.J. Makhura, "The role of women in the Boer-Bagananwa War, 1894-1895", South African Historical Society Biennial Conference, Rhodes University, 2-6 July 1995.

[117] Makhura, "Bagananwa polity", p. 13.

[118] Makhura, "Bagananwa polity", pp. 133-170.

[119] Makhura, "Bagananwa polity", pp. 138-141.

[120] Makhura, "Bagananwa polity", pp. 152 & 154.

'n Aspek van die oorlog wat Weidemann glad nie oorweeg het nie maar wat Makhura fyn beredeneer, is die moontlike wyses waarop die Hananwa hulleself bewapen het.[121] Tempelhoff en Van Schalkwyk het reeds gewys op die bedreiging wat die Hananwa as regionale moondheid vir die Boere ingehou het. Makhura bou dit uit deur te verwys na die aristokratiese huweliksbande en diplomatieke ooreenkomste tussen die Hananwa, die Lobedu en die Venda.[122] Hy voer die bewapening en die moontlikheid van 'n alliansie tussen bogenoemde drie gemeenskappe aan as motivering vir sy unieke teorie dat die Boere, veral kommissaris Vorster, 'n "propagandaveldtog" teen die Hananwa van stapel gestuur het. Sendeling Sonntag, wat die "atrocity tales" in sy dagboek as onwaar veroordeel, is die vernaamste bron waaruit Makhura sy teorie formuleer. Die teorie sou kon verklaar waarom Mmalebôhô deur die sentrale ZAR-regering en selfs internasionale korrespondente van die tyd as halsstarrig en despoties gestereotipeer is.[123]

Makhura wy die laaste fase van die bespreking oor die aanloop tot die oorlog aan die mobilisering van die Boeremagte.[124] Hy bereken dat ongeveer sesduisend man ("African mercenaries" en "European fighters") vir die ZAR gemobiliseer is en stel dit teenoor die minder as tweeduisend Hananwa-man wat die Blouberg-hoofstad kon verdedig. Baie potensiële Hananwakrygers was elders werksaam as trekarbeiders. "On this basis, it may be argued that the Boer-Bagananwa war became one of the most uneven contests that ever occurred in the Transvaal."[125] Teenoor Weidemann se beskrywing van die Engelse ontevredenheid oor die kommanderingsbevel as geïsoleerde insident, trek Makhura 'n verbintenis na die Jameson-inval en selfs verder na die Anglo Boereoorlog van 1899-1902.[126]

"The Boer-Bagananwa War ('The Northern War'), 1894", word as 'n volgende afdeling in vier fases uiteengesit. Makhura se indeling verskil nie wesenlik van dié van Weidemann nie: Gedurende die aanvangsfase, wat vanaf Mei tot ongeveer 11 Junie 1894 geduur het,

---

121 Makhura, "Bagananwa polity", p. 156.

122 Makhura, "Bagananwa polity", p. 155.

123 Makhura, "Bagananwa polity", pp. 157-159 . Makhura verwys na Sonntag, *My friend Maleboch,* p. 50.

124 Makhura, "Bagananwa polity", pp. 160-170.

125 Makhura, "Bagananwa polity", p. 163.

126 Makhura, "Bagananwa polity", p. 168. Hierdie teorie is uitvoerig beskryf in 'n bydrae tot J. Carruthers (ed.), *The Jameson Raid: A centennial retrospective* (Brenthurst, 1996). Sien ook T.J. Makhura, "The neglected role of the Boer-Bagananwa War as a factor in the coming of the Jameson Raid, 1894-1895", in *Journal of Southern African Studies*, 21, 2 (1995).

was die Boere-kommando's nog besig om te arriveer en hulleself te posisioneer.[127] In die daaropvolgende fase, ongeveer 12 tot 29 Junie, is die hoofstad op Blouberg van alle kante bestorm.[128] Makhura skroom nie om sy opinie oor die derde fase uit te spel nie: "The third stage can rightly be called the dynamite phase which witnessed the use of a series of most barbaric methods of warfare the occupying forces could think of."[129] Gedurende die vierde en laaste fase (tweede helfte van Julie 1894) is Mmalebôhô tot oorgawe gedwing deur die watertoevoer tot die hoofstad af te sny.[130]

Waar die Hananwa vir Weidemann die vyand was, is die situasie by Makhura omgekeerd. Vir hom is die Boere die "enemy forces".[131] Hy verdeel sy tyd tussen vertellings oor Boere- en Hananwa-handelinge baie meer gebalanseerd as Weidemann, vir wie die optrede van "die vyand" deurgaans vaer as dié van die Boere gebly het.

In die laaste afdeling van sy verhandeling fokus Makhura wel sterk op die nagevolge van die oorlog vir die Hananwa spesifiek.[132] Baie besonderhede wat in voorafgaande studies ontbreek, word ingevul. Die effek van die runderpes van 1895 op 'n reeds-ontwrigte samelewing word byvoorbeeld beskryf. Daar word ook verduidelik hoe die oorlog die Hananwa "saggemaak" het om meer ontvanklik te word vir die boodskap van die sendelinge. Ondanks die wankelrige posisie van die Hananwa teen die einde van die negentiende eeu, beklemtoon Makhura dat die gemeenskap nie vernietig is deur die oorlog en die ZAR se pogings om hulle onafhanklike status te ondermyn nie.[133]

Makhura se bibliografie is indrukwekkend: Die periodieke publikasies, sekondêre bronne en argivale bewysstukke wat vir 'n studie van hierdie omvang verwag sou word, is geraadpleeg. Onderhoude met meer as twintig Hananwa-informante word gelys. Die pryslied vir Mmalebôhô wat ook 'n prominente plek in die Afrika-Venster se Hananwa-uitstalling inneem, is reeds tydens Makhura se veldwerk vir sy verhandeling, deur die Hananwa aan hom toevertrou. Hy het 'n vry vertaalde fragment daarvan in sy studie

127 Makhura, "Bagananwa polity", p. 171.

128 Makhura, "Bagananwa polity", p. 177.

129 Makhura, "Bagananwa polity", p. 171. Sien ook p. 186.

130 Makhura, "Bagananwa polity", p. 196.

131 Makhura, "Bagananwa polity", p. 185.

132 Makhura, "Bagananwa polity", pp. 208-229.

133 Makhura, "Bagananwa polity", p. 228.

weergegee.[134] Terwyl die tweede fase van sy studie nou verband hou met Tempelhoff se 1989-proefskrif oor die okkupante-gemeenskap van Soutpansberg, het Makhura nie op hierdie bron kommentaar gelewer nie.

Wat die benutting van sy bronne betref, staan Makhura se benadering in skerp kontras met Weidemann se werkwyse. Hoewel die argivale dokumente 'n vooroordeel adem wat feitlik lynreg met sy eie bots, het Makhura die inligting daarin op sy eie sienswyse toegepas. Die agt maande wat Makhura effektief spandeer het om mondelinge getuienis in te win, word nie net in voetnote verantwoord nie, maar ook inhoudelik deur sy navorsingsresultate weerspieël.

In die afdeling oor die eerste fase van die 1894-oorlog, kombineer Makhura byvoorbeeld die inligting in 'n brief uit die Argief van die Kommandant-Generaal, die getuienis van twee lede van die Lebogo-familie en die egodokumentasie van Colin Rae en Christoph Sonntag om die gebeure op 1 Junie 1894 te konstrueer. Anders as in die deursnee argivale dokument, word die Hananwa in Makhura se resultaat gunstig uitgebeeld: hulle aanval was volgens hom geregverdig en die Boere het gekry wat hulle verdien het.

> On the 1st June the Bagananwa launched a serious offensive along the Bosehla river. Vorster's men were forced to flee, leaving behind some of their horses, weapons and other possessions as well as deserted camps which had been deliberately pitched in the midst of the Bagananwa cornfields.[135]

Makhura maak voortdurend onderskeid tussen die vooroordele van die outeurs van sy bronne en die informasie wat hy daaruit gebruik. Hy distansieer hom ten sterkste van Rae se rasse-vooroordeel. Dit is onduidelik waarom Makhura dit as 'n Boere-vooroordeel voorhou terwyl die einste woorde wat hy aanhaal dié van 'n Brit is - en boonop 'n Brit wat 'n besonder gebrekkige vermoë gehad het om sy eie standpunt te formuleer en bo die subjektiwiteit van sy eie groep uit te styg.[136] Indien Makhura die boek van Rae sou toets vir die betroubaarheid daarvan, sou hy ontdek dat meer as twee-derdes van Rae se gewaande ooggetuie-verslag in werklikheid eers ná die oorlog uit koerantberigte gekopieër is.

---

134 Makhura, "Bagananwa polity", p. 183.

135 Makhura, "Bagananwa polity", p. 176.

136 Makhura, "Bagananwa polity", p. 193.

Makhura se beskouing van Sonntag se rol as sendeling is reeds in 'n voorafgaande afdeling bespreek.[137] Wat sy benutting van Sonntag se dagboek as bron betref, erken hy enersyds dat hy hom hoegenaamd nie assosieer met die uitgangspunt daarin nie, maar tog terdeë afhanklik is van die inligting wat die sendeling verskaf.[138] Waar die dagboek een van die sleutelbronne in Makhura se bespreking van die oorlog is, kon verwag word dat hy nie slegs op die verkorte en verwerkte Engelse vertaling sou terugval nie, maar tog ook die oorspronklike Duitse weergawe sou raadpleeg. Dit is nie die geval nie.

Die beeldspraak dat dit Sonntag se plan van aksie was om die Hananwa met die fluweelhandskoen te help onderwerp, is deur Makhura tot motto verhef om die slinksheid van die sendeling se aktiwiteite onder die Hananwa te beskryf. Dié beeld was die keuse van die Engelse uitgewer om 'n moeilik-vertaalbare frase uit die dagboek se Duitse teks in Engels te verwoord. Die oorspronklike Duitse weergawe kon feitlik teenoorgesteld as Makhura se motto geïnterpreteer word. Binne die oorspronklike konteks het Sonntag waarskynlik bloot probeer verduidelik dat aansprake op grondeienaarskap nie vir hom belangrik was nie.[139] Om as sendeling geduld te word, was hy maar te deeglik daarvan bewus dat hy die minste moes wees en Mmalebôhô se gesag moes eerbiedig. Mmalebôhô was immers nie so kortsigtig en goedgelowig dat hy 'n mooiprater wat eintlik besig was om met die Boere te heul, in sy vertroue sou neem nie. Hoewel hierdie verduideliking waarskynlik nie voldoende is om Makhura se *velvet glove*-argument te weerlê nie, toon dit ten minste die aanvegbaarheid daarvan aan en vra dit vir 'n herlees van die sendeling se dagboek.

Veral betreffende die aanloop tot die oorlog, waarvoor Makhura daarop aanspraak maak dat hy die leemtes in vorige navorsing vul, kan die onvertaalde dele van die Sonntag-dagboek dieselfde tipe informasie verskaf as dié oor die oorlog self.[140] Laasgenoemde beskou Makhura immers as onontbeerlik ondanks sy aversie vir die sendeling se gewaande oortuigings oor die Hananwa.

Die evaluering van Makhura se omvattende en uiters bruikbare verhandeling is vir hierdie aspirant-navorser byna net so 'n groot uitdaging as wat dit vir die outeur moes gewees het om die reeds-geskrewe Boer-Hananwa-oorlog te gaan herkonstrueer: Die gevaar met 'n

---

[137] Vir 'n verdere uitbreiding daarop, sien T.J. Makhura, "Mercenaries and missionaries in the Boer subjugation of the Bagananwa in the northern Transvaal, 1894-1895", African Studies Association Annual General Meeting, San Francisco, 24 November 1996.

[138] Makhura, "Bagananwa polity", pp. 134-135.

[139] Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 2; Sonntag, *Missionar Ch. Sonntag*, p. 128; Geskrewe inligting: K. Sonntag, Posbus 25294, Monumentpark, 1 Augustus 1997.

[140] Makhura, "Bagananwa polity", p. 133.

studie soos dié, waarin gevestigde mites ontmasker en 'n sterk eensydige beskouing uitgedaag moet word, is dat daar baie maklik na eensydigheid na die ander kant toe oorgehel kan word. Vir Weidemann was die Hananwa "die vyand". Makhura het die Boere en die Berlynse sendelinge as die vyande identifiseer. Hy het die netto-effek van Boere- en sendeling-invloed op die Hananwa as negatief gekarakteriseer. Dit is moeiliker om in die beoordeling van die afsonderlike opeenvolgende insidente die aanbieding so genuanseerd te behou soos wat die verlede werklikheid moes gewees het: nie uitsluitlik negatief nie; ook nie uitsluitlik positief nie.

Makhura openbaar insig in historiografiese tendense van die afgelope dekades en het innoverend en wyd gesoek na die getuienis wat hy as bewyse vir sy standpunte aanvoer. Die historiografiese tendense word soms voorrang bo inligting uit die gekose studieveld verleen as norme waarvolgens oordele uitgespreek word. In daardie gevalle doen die outeur se interdissiplinêre benadering wel afbreuk aan die krities-historiese beskouing dat die betroubaarheid van die *bona fide* bronne die deurslag behoort te gee. Tog kan die vooraf-verklaarde fokus van die outeur nie as beskuldiging van eensydigheid teen hom ingebring word nie. Hy was immers openlik oor sy vertrekpunt om op die Hananwa se lot tydens die vyandelikhede te fokus.

Die debat oor die Boer-Hananwa-konflik is nie met hierdie verhandeling afgesluit nie, dit is pas geopen; Weidemann se pro-Boere-verhandeling is immers vir die eerste keer direk uitgedaag. Met die bestudering van die oorlog as 'n *People's History*, het 'n indringende ondersoek na die karakter, vaardighede en invloed van Mmalebôhô as leier in negentiende-eeuse Suidelike Afrika, steeds ongedaan gebly. Vir die aspirant-navorser, lê hierin die potensiaal van 'n fassinerende ondersoek. Sendeling Sonntag se sleutelrol tydens die oorlog (wat deur Weidemann agterweë gelaat is) is deur Makhura skerp veroordeel. Hierdie oordele is gebaseer op een van meer moontlike interpretasies van 'n verkorte, vertaalde en verwerkte weergawe van die sendeling se dagboek. Die pilare waarop van Makhura se mees omstrede uitsprake rus, is nie solied nie. Ook hierdie aspek kan deur 'n volgende navorser herbestudeer word.

Makhura het in meer as een opsig in sy doelstelling geslaag om by te dra tot 'n verdieping in die historiese insigte oor negentiende-eeuse Transvaal. Naas die nuwe perspektief wat die studie op sigself gebring het, het dit ook vrae laat ontstaan wat ander navorsers in staat kan stel om die terrein selfs verder te ontgin.

**Evaluering**

Die toenemende belangstelling in die negentiende-eeuse interaksie tussen die Boere- en Hananwa-gemeenskappe en spesifiek die militêre konflik van 1894, is 'n positiewe verwikkeling. Dat kundiges met verskillende agtergronde in hierdie veld navorsing doen, verhoed dat die Boer-Hananwa-historiografie deur die aanhanger van een spesifieke skool

gemonopoliseer word. Wanneer elke navorser in isolasie voortwerk, vergroot dit ook die moontlikheid van duplisering van reeds-deurtrapte terreine. Dit is noodsaaklik dat die verskillende ondersoekers hulle resultate sal koördineer, of ten minste jukstaponeer.

Volgens Makhura se werkwyse word die Hananwa se geskiedenis aan hulle teruggegee. Wat is die situasie met die Boere? Was hulle gewoon "settler"-indringers in Transvaal wat as die oortreders gedrakoniseer kan word, of (soos Tempelhoff en Makhura se eie navorsing reeds impliseer) nóg 'n Transvaalse gemeenskap wat ook 'n eie geskiedenis het wat vertel behoort te word. Die Boereperspektief soos vyftig jaar gelede deur Weidemann weerspieël, het lank reeds verjaar. Dit is 'n geskiedenis van aaneengerygde konflik; die mentaliteit van Transvaal se Boere kom nie genuanseerd daaruit na vore nie. Die vraag ontstaan ook: as Makhura met sy verhandeling die Hananwa-geskiedenis aan die nageslag van Mmalebôhô se volgelinge teruggee, wie sal in 1998 die negentiende-eeuse Boere se geskiedenis as "ons geskiedenis" wil opeis? Hoe belangrik dit ook al is om 'n eie geskiedenis aan die verskillende historiese gemeenskappe se nakomeklinge te gee, dit is waarskynlik selfs noodsaakliker dat daar wegbeweeg sal word van 'n beskouing waar die uitganspunt is om die "ander" as vyand uit te beeld.

'n Oplossing vir die verskillende perspektiewe op die 1894-konflik, 'n weergawe daarvan wat alle partye tevrede kan stel, mag moontlik gevind word in wat die Duitse historikus Jörn Rüsen *industrious pluralism* noem - die wyse waarop Duitse en Poolse historici gesamentlik húlle gespanne gemeenskaplike geskiedenis benader het: Deur teenoorstaande standpunte krities met mekaar te vergelyk en dit tydens dié konfrontasie-proses deurlopend te hersien en aan te pas, kán perpektiewe op 'n dinamiese wyse verbreed word.[141]

[141] J. Rüsen, *Studies in metahistory*. Human Sciences Research Council Series in Methodology, 32 (ed. J. Mouton) (Pretoria, 1993), pp. 55-56.